basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012
# GRAAD 6 AFRIKAANS HUISTAAL
# TOETS
# MEMORANDUM

**PUNTE: 50**


**Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.**

| VRAAG | VERWAGTE ANTWOORDE | PUNTE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 1.1 | B/pols.<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | 3 |
| 1.2 | A/saambind.<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | |
| 1.3 | A/hartklop van die mense van Afrika.<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | |
| 2. | C/musiek vir die mense van Afrika.<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | 1 |
| 3.1 | A/bring ons bymekaar.<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | 2 |
| 3.2 | B/informele<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | |
| 4.1 | C/'n metafoor<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | 2 |
| 4.2 | D/'n hart wat lewe gee aan sy mense.<br><br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | |
| 5. | -Geen punt vir JA/ NEE alleenlik.<br><br>-Gee 1 punt vir JA of NEE (enige EEN) solank daar 'n korrekte rede verskaf is.<br><br>-Gee een punt vir JA as leerder 'n **poging** aangewend het om 'n rede te verskaf al is dit verkeerd. | 2 | 2 |

| VRAAG | VERWAGTE ANTWOORDE | PUNTE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| | -Gee twee punte vir korrekte antwoord sonder JA/NEE. Bv Hy is trots omdat...<br>Ignoreer spelling en taalfoute as die antwoord verstaanbaar is.<br>-Die meeste leerders mag JA kies as ’n opsie, maar moenie NEE verkeerd merk as ’n goed gemotiveerde, aanvaarbare antwoord verskaf is wat beide punte regverdig nie.<br>Bv. Ja. die digter skryf oor Afrika-musiek./Ja. die digter sê dat ons fees vier. Nee. Musiek bind ons soos slawe. | | |
| 6. | -Enige twee van die volgende: blydskap, belangstelling, konsentrasie, nuuskierigheid, verveeldheid, opgewondenheid, pret, humor, tevredenheid, onsekerheid, belangeloosheid, ..vrolikheid.<br>-Gee 1 punt vir enige sinonieme wat die emosies hierbo beskryf.<br>-Gee 1 punt vir elke verskillende emosie tot ’n maksimum van 2 punte.<br>-Indien eenwoord-antwoorde gegee word, moet dit reg gespel wees. | 2 | 2 |
| 7. | Die seuns en dogters kyk na ’n aardbol/kaart van die wêreld in ’n Sosiale Wetenskapklas.<br>**EN**<br>Hulle is min of meer dieselfde ouderdom.<br>**OF**<br>Doen groepwerk/werk aan ’n projek.<br>Aanvaar ook skooldrag as ‘n opsie.<br>Aanvaar eenwoord-antwoorde. | 2 | 2 |
| 8. | C/Die gevaar van paraffien in ons huise.<br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is.<br>Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | 1 |
| 9.1 | Etiketteer/skryf naam van inhoud duidelik op bottel neer/hou buite bereik van kinders. (Enige EEN)<br>(Moet nie net **deursigtige bottel** aanvaar nie)<br>Ignoreer spelling en taalfoute as die antwoord verstaanbaar is. | 1 | 3 |
| 9.2 | Dit is hoogs vlambaar.<br>**OF**<br>Enige antwoord wat aandui dat paraffien naby ’n oop vlam gevaar inhou.<br>Ignoreer spelling en taalfoute as die antwoord verstaanbaar is. | 1 | |

| VRAAG | VERWAGTE ANTWOORDE | PUNTE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 9.3 | per ongeluk<br>Moet korrek gespel wees om punt te kry. | 1 | |
| 10.1 | Aanvaar enige sin wat voldoende bewys lewer dat die leerder die **betekenis** van die woord *deursigtig* verstaan en korrek gebruik. Beide letterlike en figuurlike betekenisse is aanvaarbaar.<br>Moenie taal- en spelfoute penaliseer nie aangesien die fokus op begrip is. | 1 | 2 |
| 10.2 | Aanvaar enige sin wat voldoende bewys lewer dat die leerder die **betekenis** van die woord *voltooi* (om heel te maak/perfek/tot 'n einde bring) verstaan.<br>Moenie taal- en spelfoute penaliseer nie aangesien die fokus op begrip is. | 1 | |
| 11.1 | D/verwagte tyd wat 'n mier sal leef.<br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is. Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | 3 |
| 11.2 | D/Dit kan vaste kos kou en sluk.<br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is. Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | |
| 11.3 | B/Hulle gaan deur 4 stadia van ontwikkeling.<br>Aanvaar as korrekte antwoord omkring of onderstreep is. Aanvaar ook as letter en woord omkring of onderstreep is. | 1 | |
| 12. | Sien nasienrubriek vir 'n kort storie aan die einde van die memorandum. | 6 | 6 |
| 13.1 | **<u>wan</u>**orde<br>Gee een punt as leerder die voorvoegsel <u>*wan*</u> korrek gebruik het om die woord te vorm. 'n Woord moet gevorm word en nie net die voorvoegsel genoem nie. Die woord moet korrek gespel word om punt te kan toeken. | 1 | 2 |
| 13.2 | skitter***end***<br>Gee een punt as leerder die agtervoegsel <u>*end*</u> korrek gebruik het om die woord te vorm. 'n Woord moet gevorm word en nie net die agtervoegsel genoem nie. Die woord moet korrek gespel word om punt te kan toeken. | 1 | |

| VRAAG | VERWAGTE ANTWOORDE | PUNTE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 14.1 | Frikkie het daarvan gehou om boeke oor huisvlieë te lees, want hy het hulle fassinerend gevind√.<br><br>Een punt vir het gehou en het gevind. Beide moet korrek wees om die een punt te kan toeken. Geen ½ punte word toegeken nie. Leerder kry 1 of 0. | 1 | 2 |
| 14.2 | Die vlieë in die kombuis was huisvlieë en hulle het groen oë gehad√.<br><br>Een punt vir was en het gehad. Beide moet korrek wees om die een punt te kan toeken. Geen ½ punte word toegeken nie. Leerder kry 1 of 0. | 1 | |
| 15. | Aanvaar enige korrekte voltooiing van sin. Een punt word vir korrekte sinskonstruksie toegeken. Ignoreer taal- en spelfoute as die sin betekenis het. | 1 | 1 |
| 16. | √<br>“ Ek’t ’n mier gesien ! ” skree Frikkie.<br>√<br><br>Een punt vir beide aanhalingstekens. Een punt vir uitroepteken en afkappingsteken. Geen ½ punte word toegeken nie. Leerder kry 2, 1 of 0. | 2 | 2 |
| 17. | Eiers word deur volwasse, vroulike huisvlieë gelê.<br><br>Een punt vir word gelê. Een punt vir omswaai van voorwerp en onderwerp. Geen ½ punte word toegeken nie. Leerder kry 2, 1 of 0. | 2 | 2 |

| VRAAG | VERWAGTE ANTWOORDE | PUNTE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 18. | <br><u>Frikkie</u>:<br>Fiksie (3 blokkies ingekleur): 1 punt<br>Nie-fiksie (1 blokkie ingekleur): 1 punt<br><u>Precious</u>:<br>Fiksie (2 blokkies ingekleur): 1 punt<br>Nie-fiksie (4 blokkies ingekleur): 1 punt | 4 | 4 |
| 19.1 | Vier/4/Sunita het vier fiksieboeke gelees. As **vier** uitgeskryf is, moet die spelling korrek wees om 'n punt toe te ken. | 1 | 2 |
| 19.2 | Een/1/Frikkie het een nie-fiksieboeke gelees. As **een** uitgeskryf is, moet die spelling korrek wees om 'n punt toe te ken. | 1 | |
| 20. | Sien nasienrubriek vir 'n dialoog aan die einde van die memorandum. | 6 | 6 |
| | | **TOTAAL:** | **50** |

## VRAAG 12 Rubriek – Kort storie

**Wanneer ’n kort storie geassesseer word, moet die volgende in gedagte gehou word:**

**Alhoewel die leerder se inhoud heeltemal van die inhoud van die verwagte titel mag afwyk, (geskryf oor ’n insek in plaas van ’n troeteldier) moet die onderwyser steeds die taalgebruik nasien en bepunt.**

**Wanneer ’n onderwyser ’n leerder se werk assesseer, moet twee tipes punte toegeken word: die eerste vir inhoud en die tweede vir taalgebruik. Hierdie punte word bymekaar getel om die finale punt uit 6 te gee (3 + 3).**

| Dui aan op vraestel: | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Punt** |
| Inhoud: | |
| Taalgebruik: | |
| **Totaal**: | |

| **Kriteria** | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** |
|---|---|---|---|---|
| **Punte** | **0 punte** | **1 punt** | **2 punte** | **3 punte** |
| **Inhoud** | **Geen** storie, hou geen verband met die instruksies nie. | **Een** aspek (wie, wat, waar of hoe) het betrekking tot die storie.<br><br>Geen oorspronklikheid.<br><br>Intrige is moeilk om te volg. | **Twee** of **drie** aspekte (wie, wat, waar of hoe) het betrekking tot die storie.<br><br>’n Mate van oorspronklikheid en vloei van idees. | **Drie** of **vier** aspekte (wie, wat, waar of hoe) het betrekking tot die storie.<br><br>Effektiewe intrige met inleiding, middelste deel en slot van storie.<br><br>Oorspronklike stuk.<br><br>Logiese vloei van idees. |
| **Taalstruktuur en Taalgebruik: formaat, punktuasie, spelling (6–8 sinne).** | Geen titel of inleidende sin, inhoud of slot.<br><br>Kopieer sinne of laat dit onvoltooid (geen onderwerp of gesegde nie).<br><br>8 of meer foute in taalgebruik, tye, spelling en punktuasie.<br><br>0–1 sin lank. | Idees deurmekaar in plaas van logiese uiteensetting van idees.<br><br>6–7 foute in taal, woordorde, punktuasie, tye en spelling.<br><br>2–3 sinne lank. | Ten minste ’n inleiding en begrip van intrige.<br><br>Korrekte sinstruktuur.<br><br>4–5 foute in punktuasie, woordorde spelling en tye.<br><br>4–5 sinne lank. | Lei onderwerp in, beskryf of verduidelik inhoud en sluit die storie af.<br><br>Uitstekende gebruik van woordeskat, korrekte spelling en punktuasie.<br><br>2–3 foute in punktuasie, woordorde, spelling en tye.<br><br>6–8 sinne lank. |

| VRAAG 20 Rubriek – Dialoog | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Wanneer die dialoog geassesseer word, moet die volgende in gedagte gehou word:**<br><br>**Alhoewel die leerder se inhoud heeltemal van die titel mag afwyk, moet die onderwyser steeds die taalgebruik nasien en bepunt.**<br><br>**Wanneer 'n onderwyser 'n leerder se werk assesseer, moet twee tipes punte toegeken word vir: die eerste vir inhoud en die tweede vir taalgebruik. Hierdie punte word bymekaar getel om die finale punt uit 6 te gee (3 + 3).** | | | | |

| Dui aan op vraestel: | |
|---|---|
| **Kriteria** | **Punt** |
| Inhoud: | 3 |
| Taalgebruik: | 3 |
| **Totaal**: | 6 |

| **Kriteria** | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** |
|---|---|---|---|---|
| **Punte** | **0 punte** | **1 punt** | **2 punte** | **3 punte** |
| **Inhoud** | **Geen** dialoog of geen betrekking op die instruksies nie. | **Een** aspek (wie, wat, waar of hoe) het betrekking op die dialoog.<br><br>Geen opeenvolging van gedagtes nie.<br><br>Geen oorspronklikheid nie. | **Twee** of **drie** aspekte (wie, wat, waar of hoe) het betrekking op die dialoog.<br><br>'n Mate van vloei van idees.<br><br>'n Mate van oorspronklikheid. | **Drie** of **vier** aspekte (wie, wat, waar of hoe) het betrekking tot die dialoog.<br><br>Korrekte sinstrukture.<br><br>Logiese vloei van idees |
| **Taalstruktuur en Taalgebruik: formaat, punktuasie, spelling (6–8 sinne).** | Geen elemente van formaat sigbaar (elke spreker op 'n nuwe reël; spreker se naam moet gevolg word deur 'n dubbelpunt; aksies en gebare moet tussen hakies geplaas word; geen aanhalingstekens).<br><br>Kopieer sinne of laat dit onvoltooid (geen onderwerp of gesegde nie).<br><br>8 of meer foute in punktuasie, spelling en tye.0–1 sin lank. | 1 element van die formaat teenwoordig (elke spreker op 'n nuwe reël; spreker se naam, gevolg deur dubbelpunt; aksies en gebare moet tussen hakies geplaas word; geen aanhalingstekens).<br><br>6–7 foute in punktuasie, woordorde, spelling en tye.<br><br>2–3 sinne lank. | 2 elemente van die formaat teenwoordig (elke spreker op 'n nuwe reël; spreker se naam, gevolg deur dubbelpunt; aksies en gebare moet tussen hakies geplaas word; geen aanhalingstekens).<br><br>4–5 foute in punktuasie, woordorde, spelling en tye.<br><br>4–5 sinne lank. | Alle elemente van die formaat teenwoordig (elke spreker op 'n nuwe reël; spreker se naam, gevolg deur dubbelpunt; aksies en gebare moet tussen hakies geplaas word; geen aanhalingstekens).<br><br>Uitstekende gebruik van woordeskat, korrekte spelling en punktuasie.<br><br>2–3 foute in punktuasie, woordorde, spelling en tye.<br><br>6–8 sinne lank. |